Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

# INFO 06/2026

27 Maart 2026

## Van die skoolhoof

**Jesaja 40:29**
*"Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie."*

Ons kan terugkyk op 'n besige, maar baie **geseënde kwartaal**. Daar is klas gegee, gemodereer, geleer, geoefen, gehardloop, gesing, geredeneer en selfs gekamp. Personeel is tevrede moeg en die kinders is reg vir die vakansie.

Verlede week het die graad 7's van 'n heerlike **veldskool** teruggekeer. Hulle was 'n bietjie vroeër as verwag by die skool en moes nog vir hul ouers wag. Een van die seuns is toe só deur sy moegheid oorval dat hy in 'n hangmat by die naskool neergeval en heerlik aan die slaap geraak het. Daardie prentjie het vir my iets vasgevang van hierdie kwartaal wat nou verby is: die uitputting ná baie arbeid, maar ook die welkome rus wat vir ons almal aanbreek.

Dit is egter nie sommer net 'n tyd van rus nie. Dit is ook 'n tyd waarin ons in die besonder mag dink aan Hom wat vir ons die ewige rus verwerf het.

Volgende week Vrydag is dit **Goeie Vrydag**. Dan herdenk ons Christus se sterwe aan die kruis vir ons. Met ons klein, beperkte menslike verstand kan ons nooit die hoogte, diepte, breedte en lengte van hierdie reddingsdaad ten volle omvat nie. Tog eindig hierdie daad nie by die kruis nie. Op Sondag vier ons ook sy **opstanding**. Ons Here Jesus leef! Oor hierdie wonderlike werklikheid mag ons juig en bly wees. Paasfees is daarom in wese die vreugdevolste fees van al die Christelike feesdae.

Gewoonlik kry Kersfees die meeste aandag. 'n Mens dink maklik aan jaarlikse kerskonserte by die onderskeie gemeentes asook die aandag wat aan Kersfeesvieringe gegee word. Tog mag ons nie vergeet nie dat Kersfees die begin van Christus se lydingsweg aandui. Tydens **Paasfees** herdenk ons die voltooiing van sy verlossingswerk. Paasfees is die fees van oorwinning. Jesus het opgestaan. Jesus leef!

Vanuit hierdie vaste sekerheid gaan ons die kort vakansie tegemoet. Dit is juis hierdie sekerheid wat ons liggaamlike en geestelike moegheid kan verlig en ons met nuwe krag kan verkwik, sodat ons, as die Here wil, weer in kwartaal twee ons diens kan hervat.

Ek wens elkeen 'n geseënde **Paasvakansie** toe. Mag die Here julle almal bewaar en veilig terugbring, sodat ons op **13 April** weer ons take met dankbaarheid kan opneem.

*Saskia Meijer*



## Beplanner

- **13/04:** Skool open
- **14/04:** HS Tafeltennis vs HS Overkruin
- **14/04:** LS Rugby 7's vs Curro Woodhill
- **16/04:** LS Netbal te Die Krans (Vriendskaplik)
- **16/04:** Graad 4-7 Oueraand
- **16/04:** HS Oueraand
- **17/04:** HS netbal vs HS Erasmus (Weg)
- **17/04:** HS Vlamvangaand
- **18/04:** LS Bulletjiesrugby te LS Villiera




**Kunskompetisie: ten bate van die GKSA-fonds vir Bek-en-Klouseer**

Bek-en-klouseer druk boere se gesinne hard. So hard dat kinders se skool- en koshuisgeld nie altyd betaal kan word nie. Die **GKSA** het 'n fonds gestig om te help, en ons wil bydra.

Dirkies, dit is julle beurt om te skep én om om te gee!

**Betaal jou inskrywing:** Bank: ABSA | Tjekrekening Naam: GSDP | Rek: 90159801 | Tak: 632005 Verwysing: Familiekode + BEK

Stuur jou bewys van betaling + foto van jou kunswerk na: **bemarking@gsdp.org.za** (Sluit in: Naam, Van & Graad) Hou die oorspronklike kunswerk veilig – jy sal dit nodig hê wanneer wenners aangekondig word!

**Bydraes kan steeds tot die fonds gemaak word, al word daar nie aan die kompetisie deelgeneem nie.**

Wees sterk en vol moed

# NOMINASIES

## VIR DRIE NUWE BESTUURSLEDE WORD INGEWAG

Slegs lede van die Gereformeerde Skoolvereniging Dirk Postma kan genomineer word.

**7 April -** Sperdatum vir nominasies

**21 April -** Verkiesing tydens ledevergadering

Een van die persone moet verskieslik 'n sterk finansiële agtergrond hê.

Vorms is by mev Lienkie Vallentgoed (gsdp@gsdp.org.za) beskikbaar.



**Dankie vir ’n gemeenskap wat saam bou**

Ons wil graag ons opregte dank uitspreek teenoor die hele Gereformeerde Skool Dirk Postma-gemeenskap vir jul getroue ondersteuning en betrokkenheid. Dit is besonders om te sien hoe ouers, families en vriende van die skool op verskillende maniere saamwerk om ’n verskil te maak.

Baie dankie aan almal wat help om glas te herwin. Julle bydraes het daartoe gelei dat Gereformeerde Skool Dirk Postma die **algehele derde plek in Gauteng** behaal het. Hiermee saam het die skool ook ’n welkome **R10 000** ontvang. Ons droom is om weer, soos in die verlede, die **eerste plek in Gauteng** te behaal, en daarom nooi ons almal uit om steeds alle weggooibare glasitems in die houer in **Cunninghamlaan**, voor die laerskool se administrasiegebou, te kom gooi. Elke bottel en elke glasitem, groot of klein, help.

Ons wil ook elke ouer bedank wat by **Blits** aankope doen en meld dat hulle **Dirk Postma-ondersteuners** is. Deur hierdie ondersteuning het die skool ’n baie mooi bedrag van **R6 150,34** ontvang. Gaan asseblief voort om op hierdie eenvoudige maar waardevolle manier die skool te ondersteun.

Daarby het die Dirk Postma-gemeenskap ook getrou hul strokies by **Pick n Pay** ingehandig. Deur hierdie betrokkenheid het die skool nog **R16 000** ontvang.

Dit beteken dat ons gemeenskap saam ’n besondere bedrag van **R32 150,34** vir die skool help bymekaarmaak het. Ons harte loop oor van dankbaarheid vir elke bydrae. Sulke ondersteuning wys opnuut hoe ’n betrokke gemeenskap nie net finansieel help nie, maar ook meewerk aan die opbou en voortbestaan van ons skool.

Mag ons as gemeenskap aanhou om met klein en groot dade saam te bou aan Gereformeerde Skool Dirk Postma.





Kleuterskool

**Dagboek solank die datum!**

**6 Junie:** Wit Olifant-verkoping







Laerskool

**Dirkie-sanggroep**

Ons is opgewonde en dankbaar om weer met die Dirkiekoor weg te spring! Ons wil die koor op 'n nuwe manier benader – sodat ons die kooroefening en liedjiekeuses ouderdoms- en ontwikkelingsgepas hou.

Die koor word in **twee groepe** verdeel:
Graad R – 3 en Graad 4 – 7.

- **Graad R – 3** se oefeninge sal in **Kwartaal 2** plaasvind en
- **Graad 4 – 7** se oefeninge in **Kwartaal 3 en 4**.

Kooroefeninge sal steeds op 'n **Maandagmiddag om 13:30** plaasvind.

**Graad R – 3** se oefeninge begin op **13 April 2026**.

Die onderskeie groepe sal hulle eie opvoerings (ongeveer twee) deur die loop van die twee kwartale hê. Die naam van die Dirkiekoor gaan ook verander na die Junior Dirkie-sanggroep en die Senior Dirkie-sanggroep.

Die Dirkie-sanggroepe is daarop gemik om elke Dirkie-leerder die geleentheid te bied om saam, op 'n prettige manier, te sing, hulle musiekgawes te ontwikkel en uit te leef tot eer van die Here.

As jy wil deelneem moet jy jou naam vir **juffrou Margriet Visser** gee. Ons sien uit na die lekker saamsing.



# Hoërskool

## Oueraand

Die hoërskool se oueraand vind DV op Donderdag 1**6 April 2026** vanaf **17:00 tot 19:00** plaas. Afsprake kan in tydgleuwe van 10 minute gemaak word. Skakel volgende kwartaal vir mev. Marion by die hoërskoolkantoor vir afsprake.

## Wiskunde-olimpiade

Baie geluk aan almal wat aan die Hoërskool se Wiskunde-olimpiade deelgeneem het en hul sertifikate gekry het. Die volgende leerders het deurgegaan na die tweede rondte wat op **14 Mei van 14:00 tot 16:00** geskryf sal word: Michael van der Veen, Anli Kruger, Wilhelm Goodey, Corli van der Linden, Jannes Enslin, George Mnisi, Henro van der Linden, Callie Pohl, Lindes Roets en Roelof Burger. Baie geluk en sterkte aan julle!




## Dames- en dogtersaand

Die Dames- en dogtersaand vind DV op 23 April 2026 plaas. Ons benodig nog dogters (saam met hul mammas) wat kan optree as gasvroue. Kontak vir juffrou Anine as jul belangstel. Dis 'n heerlike geleentheid om jou kreatiwiteit uit te leef, en diensbaar en gasvry teenoor ander te wees.



# Hoërskool

**Tafeltennis**

Die **tafeltennis-seisoen** vir 2026 is vanaf Februarie weer goed op dreef. Die skool neem hierdie jaar deel in die B-liga.

Daar is al 4 wedstryde gespeel teen Zwartkop Hoërskool, Waterkloof, HTS Tuine en Afrikaans Hoër Meisies waar die seuns almal met ’n oorwinning weggestap het.

Ons is baie trots op hierdie Dirkies.



**Dankie aan alle ondersteuners**

Aan die einde van die besige kwartaal wil ons net graag aan elke leerling, ouer, ondersteuner, afrigter en skeidsregter baie dankie sê vir ’n suksesvolle kwartaal op die sportveld.

Ons sien uit na wat die tweede kwartaal inhou. Dit gaan ’n besige kwartaal wees, gevul met baie wedstryde en net so baie voorbereiding! Geniet die ruskasie.

# SKOOLIMPIEKS VLAMVATDAG #2

Vrydag
17 April
17:00

## 3 Kompetisies

### NETBAL



**7 spelers:**

4 meisies
en 3 seuns

### HOKKIE



**5 spelers:**

3 meisies
en 2 seuns

### VOLLEYBALL



**8 spelers:**

4 seuns en
4 meisies

## Algemene Reëls:

- Vir elke sport moet daar ten minste een kind uit elke graad deelneem
- Daar mag een seun en een dogter as vervang speler wees.
- Die skoolimpiek Kaptein (Aniek) mag met goedkeuring van Juf Anelda as 'n plaasvervanger speler gebruik word indien jou span bietjie sukkel 🤪
- Geen speler mag aan meer as 2 sporte deelneem nie.
- Almal wat NIE deelneem nie moet op die pawiljoen sit tydens wedstryde.
- Elke speler moet met sy span 'bandana' deelneem wat voorsien sal word op die sportdag. **Sonder bandana beteken geen punte vir jou span nie !**

Wees Sterk en vol moed.

**Wen Jou Wiskunde** bied onafhanklike, CAPS-belynde en skool-geankerde **wiskunde** ondersteuning aan vir leerders.

Die doel is om wiskundige begrip te bou, selfvertroue te versterk en leerders **rapportgereed** te maak.

Klasse word in klein groepies aangebied om individuele aandag en **konsepbou** te versterk.

- Getalle, bewerkings en verwaniskappe
- Patrone, funksies en **algebra**
- Ruimte en vorm
- Meting
- Datahantering



CAPS-belyn, Begrip-gefokus. Rapport-gereed.

Aangebied deur Juffrou Rachelle
BEd Grondslagfase | Honneurs in Leerderondersteuning

**wenjouwiskunde@gmail.com** • 074 956 0796

**074 956 0796**

GONS MET KENNIS TUTORONDERRIG

Registreer nou vir 2026

Kwaliteit, privaat tutoronderrig deur 'n gekwalifiseerde onderwyser.
Tutoring beskikbaar in Afrikaans en Engels.

AANLYN & IN-PERSOON | WAVERLEY

**Laerskoolvakke:**
Wiskunde (Graad 1 – 5)
Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal
Engels Huistaal en Eerste Addisionele Taal
Sosiale Wetenskappe
Natuurwetenskappe

**Bykomende ondersteuning (Alle Grade):**
Lees-, spel- en skryfvaardighede
Studiemetodes en eksamenvoorbereiding
Kreatiewe kunsklasse om selfvertroue en uitdrukking te bevorder

**BUZZINGWITHKNOWLEDGE@GMAIL.COM**



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
OPLEIDINGSINSTITUUT
WERKSYN
Die SHH Opleidingsinstituut leer jou praktiese vaardighede in versorging sodat jy ander met kundigheid en roeping kan dien.
helpendehandopleiding.co.za
SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING




ARRIE NEL
APTEEKGROEP
Familie Waardes, Waarde vir die hele Familie!
www.arrienel.co.za
GRATIS AFLEWERING
WELKOM IN ARRIE NEL apteek WÊRELD!
TOTIUSDAL
APTEEK
012 332 1911/2
061 549 2255
totiusdal@arrienel.co.za
Codoniarylaan 779, Waverley, Pretoria

# Snapscan Kodes

Snap here to pay
SnapScan
**GSDP-SKOOLFONDS**

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan
**GSDP-BOUFONDS**

## Ondersteun GSDP & Herwinning

### Blits




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### My school

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

